

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 166**

(Mei 1982)

## **Die Ware Gebed**

"Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde." (Mattheüs 6:6)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# AANBID DIE ENIGE WARE GOD!

As jy bid ... tot wie bid jy? Of ... tot wie behoort jy te bid? Logies sal die antwoord moet kom: Tot **God** natuurlik! Doodreg, om te bid beteken dat ek my hele wese rig tot die enige, ware God. Dat ek van Hóm goedheid en genade verlang; dat ek van Hóm liefde en guns verwag.

Die gebed is 'n versoek;

- dit is 'n smeking;
- dit is 'n uitstort van my hart en gemoed;
- dit is 'n gesprek met die Almagtige Vader!

Nou kan die mens se gebed verskillende vorme aanneem:

- dit kan 'n dankgebed wees . . . vir die son wat elke dag oor my opgaan, vir gesondheid, krag, wysheid, noem maar op.. .
- dit kan 'n lofprysing wees ... vir genade, liefde, guns;
- dit kan sondebelydenis wees;
- of 'n smeekbede;
- of 'n voorbede.

Watter vorm my gebed ookal mag aanneem — dit het altyd slegs één adres: **Die enige, ware God van hemel en aarde!**

Want weet u . . . bid: Dit is nié sommer 'n klakkelose gebrabbel van sinnetjies nie ... dit is nié 'n vloed van woorde wat doelloos en onbepland die lug ingeslinger word nie ... dit is nié 'n gepraat sonder om iemand spesifiek aan te spreek nie. . .

Nee, ek kan die gebed alleen rig tot Één, naamlik die enige, ware God. Ja, die enige, ware God soos ek Hom in sy Woord leer ken het ... soos wat Hy homself in die Bybel aan ons geopenbaar het. Niks en niemand anders kan 'n gebed waardig wees nie, as slegs God en God alleen.

Daarom is elke gebed met eerbied en respek belaa. Want God is mos nie my vriend met wie ek 'n lekker geselsie aanknoop nie; Hy is nie my maat by wie ek my probleme "afpak" nie; Hy is nié 'n gefantaseerde god wat afhanklik is van mensehande nie . . .

**God is mos nie my vriend met wie ek 'n lekker geselsie aanknoop nie; Hy is nie my maat by wie ek my probleme "afpak" nie: Hy is nié 'n gefantaseerde god wat afhanklik is van mensehande nie...**

Nee ... Hy is die ware God — die God van die Bybel!

Hy is 'n God van liefde . . . ook van haat;

- Hy is 'n God van reg . . . ook van oordeel en straf;
- Hy is 'n God van uitverkiesing .. . ook van verwerping;
- 'n God wat help en red ... ook verstoot en verdoem.

Hierdie enige, ware God is: Onse Vader deur Jesus Christus, die Verlosser wat die Heilige Gees aan ons bekend maak.

Het jy daarom al ooit besef watter wonderlik gawe dit is om te kan bid? Weet jy watter voorreg dit is om jou hartsbegeertes teenoor die ware God uit te stort? Daarom spoor Jesus juis sy Kerk aan om te bid! Gaan lees gerus Mattheus 7. In vers 7 gebruik Christus drie sterk woorde: Hy sê: Bid — soek — klop.

**BID** tót die ware God van hemel en aarde:

- hou aan met konsentrasie;
- doen dit dikwels met opregtheid en erns.

**SOEK** die ware God van hemel en aarde:

- maak 'n gewetesaak van die gebed;
- wees ywerig daarin.

**KLOP** aan by die ware God van hemel en aarde:

- die sonde het die deur toegemaak;
- klop met aandrang;
- pleit met worsteling.

Dit is daarom dat Christus ons só geleer het. Hy wat God is, ... Hy bid ook tot die ware God van hemel en aarde. In Getsèmané ... só geweldig bid Hy;

só vurig soek Hy;

met só 'n aandrang klop Hy. . .

- dat Hy in vrede die pad van die kruis loop in die gebed;
- dat Hy die vloekdood sterf met 'n gebed op die lippe;
- dat Hy na sy opstanding steeds vir ons bid;
- dat Hy vandag nog in gebed intree by die Vader vir elkeen van sy kinders.

Laat elkeen dit besef:

- dit is 'n gawe om te mág bid;
- dit is 'n voorreg om te kán bid;
- dit is 'n Godgegewe opdrag om te móét bid...

tot die **enige, ware God van hemel en aarde!**

**Nico Ligthelm**

# *Ken jou Nood en Ellende*

## **voordat jy bid.**

Wie van ons sal ooit bid: Vader, laat daar tog geen reën op Suid-Afrika val nie? Waarskynlik niemand nie.

Ons sal eerder bid: "Vader, gee reën op die aarde, sodat daar voedsel kan wees vir mens en dier."

'n Mens bid tog nie dat teespoed jou moet tref nie. Jy bid dat die teespoed afgekeer sal word en dat daar voerspoed sal wees.

Maar in Jakobus 5: 17 staan daar dat die profeet Elia *ernstig* gebid het: dat dit nie moes reën nie en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie..." Elia het die HERE gevra om 'n droogte oor sy vaderland te bring en God het hom verhoor (Lees I Konings 17 en 18)

Waarom?

Omdat Elia sy volk se dieperliggende nood geken het en hy wou hulle daaruit help. Hulle eintlike nood was nie op stoflike terrein nie, maar op geestelike terrein; hulle het die ware God verruil vir die afgod, Baal.

Baal was die sogenaamde god van vrugbaarheid. Hy en die godin, Astarte, sou glo daarvoor gesorg het dat daar reën val, dat die plante groei en vrugte dra, dat diere aanteel en mense kinders baar.

Dáárom het Elia gebid dat dit nie moes reën nie. Hy wou daarmee bewys dat Baal géén god is nie en daarom ook géén invloed op reën en vrugbaarheid kon hê nie. Die HERE is die enige, ware God, en Hy besluit oor reën en droogte, vrugbaarheid en onvrugbaarheid. Dáárom het Elia later weer gebid dat die HERE reën moes gee en daarom het die HERE hom telkens verhoor.

Ons nood en ellende bepaal altyd die inhoud van ons gebede; 'n mens bid tog vir die dinge wat jy kortkom. Daarom sê die Heidelbergse Kategismus in antwoord 117: ". . . dat ons ons nood en ellendigheid rêg en grondig moet ken (voordat ons bid), sodat ons ons voor die aangesig van sy majesteit sal verootmoedig.

Dit beteken dat ons, voordat ons bid, eers voorbereiding moet doen. Ons moet gaan sit en eers nadink oor ons nood en ellende, hartgrondig en eerlik uitmaak wat ons grootste probleem is.

En wie dit doen, sal telkens stuit teen sy sonde. Ons grootste en diepste nood en ellende is dat ons almal van nature God en ons medemens haat; dit is die oorsaak van al ons honger en kommer, sug en swaarkry, pyn en verdriet.

Ons moet leer om dit raak te sien, sodat ons nederig en vol berou God om sy genade sal smEEK. Ons moet leer om Hom te loof om sy grootheid en heiligheid en om onself te verag vanweë ons kleinheid en onheiligheid.

Dit sal telkens beteken dat ons ons liggaamlike behoeftes op die agtergrond moet skuif. Dit kan selfs nodig word om soos Elia te bid dat die HERE liggaamlike teespoed oor ons moet bring as dit geestelik tot ons voordeel sal wees.

Ons Here Jesus toon dit duidelik in die gebed wat Hy ons geleer het, die *Onse Vader*. In hierdie gebed word ses versoeke tot God gerig, maar net *een* handel oor ons daaglikse nood ("Gee ons vandag ons daaglikse brood"). Al die ander handel oor geestelike dinge. Daarmee toon Jesus duidelik dat ons liggaamlike nood net 'n klein plekkie in ons gebede moet inneem.

In hierdie gebed gaan God se belange ook duidelik voorop. Ons bid eers: "Laat u Naam geheilig word. Laat ū koninkryk kom. Laat *u* wil geskied." Daarna bid ons vir ons belange: "Gee **ons** vandag ons daaglikse brood. Vergewe **ons** ons skulde. . . Lei **ons** nie in versoeking nie.. ."

Wie dan sy nood en ellende reg en grondig leer ken het en dáárom geleer het om nederig vir die regte dinge te bid, kan verseker wees: God sal my verhoor en my gee wat ek vra. Ons Here Jesus sê in Lukas 13: "En vir watter vader onder julle sal sy seun brood vra en hy sal hom 'n klip gee. . .? As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"

Aan die ander kant, wie nie só na Hom wil gaan nie, kan ook nie verwag om verhoor te word nie. Watter vader sal, as sy seun van hom 'n giftige slang vra, die slang aan hom gee? As ons dan ons kinders se verkeerde versoeke weier, hoeveel te meer God?

Daarom moet ons ook nie verbaas wees dat baie van ons gebede skynbaar onverhoord bly nie. Want ons gebede lyk dikwels meer na inkopielyste waarin honderd-en-een klein aardse benodigheidjies afgerammel word as enigiets anders; die geestelike dinge word nouliks of glad nie aangeroer nie.

Niemand moet verwag dat God sulke gebede sal verhoor nie. Hy is tog nie ons kruidenier wat vir ons ons botter en konfynt oor die toonbank moet aangee nie.

Daarom moet ons ons ware nood rég en grondig ken, voordat ons bid, sodat ons ons voor Hom sal verneder en Hom sal smeek om die ewige Brood, Jesus Christus.

***Ds. Sagrijs Venter***

# Die Gebed -

## Die vernaamste deel van die dankbaarheid

Waarom bid die mens? Baie sê: Omdat dit nie anders *kan* nie. Dit is vir hulle doodnatuurlik: soos 'n voël vanself vlieg; soos 'n blom homself na die son keer. Bid is vir baie iets spontaans.

Maar nee: Die mens bid nie spontaan nie. Die mens sug spontaan, vloek spontaan, maar **bid nooit spontaan** nie.

Die mens bid omdat God die mens leer bid het. Dis alleen deur die Heilige Gees dat ons roep: "Abba, Vader" (Rom. 8:15).

As ons in gedagte wil hou dat die gebed die vernaamste deel van die dankbaarheid is (kyk vraag 116 van die Heidelbergse Kategismus), sal ons verstaan waarom gebed nie maar iets vanselfsprekends is nie. Dankbaarheid kom nooit vanself uit die hart van die sondaarmens nie. Dankbaarheid is slegs daar wanneer die sondaar uit al sy ellende deur Jesus Christus verlos word.

### DANKBAARHEID NET IN GEBED?

Kan 'n mens jou dankbaarheid net in gebed betoon? Nee, natuurlik nie. God het vir ons die Tien Gebooie gegee. En nou moet ons dankbaarheid daarin na vore kom dat ons ons hele lewe volgens *al* Gods gebooie inrig.

Maar tog bly die gebed die vernaamste deel van die dankbaarheid. Die gebed is die oopgekelkte blom van ons geestelike lewe waarmee ons God verheerlik.

'n Kind wat alles gedoen het wat sy ouers van hom gevra het, wil nog in woorde ook sy dankbaarheid betuig. Hy wil sy ouers sê hoe hy dit waardeer wat hulle vir hom gedoen het en nog doen.

Nouja, so is dit ook met die mens gesteld. Behalwe dat ons geroepe is om volgens die wil van God in alles te lewe, moet ons God ook in die gebed vir sy genade dank — al gaan die weg van God vir my deur diep waters.

### GEBED NOOIT SONDER DANKBAARHEID.

Maarten Luther het eenkeer gesê dat dit die vernaamste amp van die Christen is om die lof van God in die wêreld te verkondig.

Dit is 'n diep-Bybelse gedagte.

In I Petrus 2:9 lees ons dat ons die deugde van Hom moet verkondig "wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig".

Daarom mag in ons gebed die dankbaarheid en die lof nooit ontbreek nie.

Die woord *dank* kom van die woord *dink*.

As die digter van Psalm 103 aan die weldade van God dink, dan bring dit hom vanself tot lof en aanbidding en dankbaarheid: "Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie."

**Hoe meer ek dank, hoe  
meer word my geboeide  
tong ontboei en hoe  
groter word my  
vrymoedigheid om te bid.**

Hoe meer ons dank, hoe meer leer die Heilige Gees ons dat God ons Vader in Jesus Christus is, wat aan die kruishout vir ons sondes gesterf en uit die dood opgestaan het.

En hoe meer ek dit leer, hoe meer sing ek:

"Milde hande, vriendlike oë is by U van ewigheid"

(Ps. 25:2 berym)

### **GEBED IS NIE NET VRA NIE.**

My vriend, gebed is nie net vra, vra, vra nie.

Gebed is ook — vernaamlik — dank, dank, dank.

As jy nie weet wat om te bid nie, begin om God te dank.

Dan sal jy tot jou grootste verrassing uitvind: hoe meer ek dank, hoe meer word my geboeide tong ontboei en hoe groter word my vrymoedigheid om te bid.

***Chris J. Malan.***

## Die Gebed en die gawes van die Heilige Gees

Daar bestaan 'n noue verband tussen bid *om* en die ontvang *van* geestelike seëninge. In die Bybel word dikwels daarop gewys.

"Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word" (Mat. 7:7). Ons word in die Bybel dan ook dringend vermaan om al ons begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging by God bekend te laat word (Filippense 4: 6).

Natuurlik mag ek my gebed nie as 'n *verdiens*te sien nie. Ek verdien nie God se seëninge met my gebed nie. O nee, alles is genade. Die gebed is net die *middel* waardeur God hierdie genadegawes aan ons wil gee.

Teen hierdie agtergrond moet ons die woorde van die Kategismus sien: en omdat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank" (vraag 116).

### DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES.

Iemand wat waarlik bid, besit reeds die Heilige Gees. Is dit dan nodig om te bid vir die dinge wat ons reeds besit? Ja, want die Kategismus bedoel nie die *koms* van die Gees nie, maar die *deurwerking* van die Heilige Gees.

Sy vernuwende krag. Sy lig en waarheid. Sy vertroosting.

Toe die Gees uitgestort is, was daar 'n geweldige rukwind (Hand. 2:2). Nouja, soos die wind bome ombuig, so buig die Gees ons harte in gehoorsaamheid voor God en sy Woord.

Sonder wind is 'n orrel morsdood. Sodra die wind egter deur die pype beweeg, bring dit die lieflikste tone voort. Nouja, sonder die gawes van die Heilige Gees is die mens morsdood. Maar sodra die Gees in en deur ons werk, bring die mens die lieflikste tone tot eer van God voort.

Maar die Gees is ook uitgestort in die teken van vuur (Hand. 2: 3). Wat doen vuur? Dit brand, skroei, verteer. So het die Gees gekom om die sonde in ons lewe weg te brand.

Maar vuur verwarm, koester, troos ook. As dit snerpnd koud buite is — hoe kan die vuur in die kaggel ons nie vertroos nie!

Die Gees troos ons — as die snerpnde winde van die sonde ons benoud maak.

Die Gees troos ons — as die ysige hand van die dood my dierbare wegruk.

Die Gees troos ons — as ek die nabyheid van my Here Jesus nie altyd kan ervaar nie.

### BID SONDER OPHOU.

Die apostel Paulus skryf aan die Thessalonisense: "Bid sonder ophou" (2 Thess. 5:17).

'n Geslote oor kan die mooiste klanke nie opvang nie. 'n Geslote oog kan die stralende glanse van die son nie indrink nie.

Iemand wat waarlik bid,  
besit reeds die Heilige  
Gees.

So kan 'n geslote — biddelose — hart die gawes van die Gees nie ontvang nie.

Daarom moet ons sonder ophou bid en dank.

Die gebed verwyd die hart, maak die blinde oë oop, verdiep die geloofsluwe, deurgrawe die ore, sodat ons die Woord van God weer kan hoor, verinnig die gemeenskap met ons Here Jesus Christus.



**AANHOU.**

My vriend, hou aan met bid.

Die gebed is die ademtog van die siel, die polsslag van ons lewe.

Dit is die toegang tot God in die Naam van Jesus Christus. Dit is die vrug van die Heilige Gees as uiting van die nuwe lewe.

***Chris J. Malan.***

# Waaroor moet ons bid?

(Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 118)

As ons bid, wat moet ons van God vra? **Alles.** Die Kategismus se antwoord is kort en saaklik: "Alle geestelike en liggaamlike behoeftes" (antwoord 118).

Gods Woord leer ons presies dieselfde. In Filippense 4:6 lees ons: "Laat julle begeertes *in alles* deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God."

En in Jakobus 1:17: "*Elke* goeie gif en *elke* volmaakte gawe daal van bo neer, van die Vader van die ligte."

Klein en groot, naby en ver, die hede en die toekoms — God staan geensins onverskillig daarteenoor nie. Die klein dingetjies is vir Hom nie te klein om na te luister nie en die groot wêreldomvattende dinge is vir Hom nie te groot om te omvat nie. Die hele lewe met alles wat dit behels, mag ons en moet ons onder God se vaderlike sorg stel.

## **BEHOEFTES.**

In die gebed gaan dit om behoeftes, dit wat ons werklik nodig het, en nie vir dit wat ons alles graag wil besit of ontvang nie.

Die gevaar bestaan dat ons vandag met die hoë lewenstandaard, wat ons daarstel, slegs vir nog meer luukse dinge wil bid. Ons sien nie meer die lewensnoodsaaklike dinge raak nie, maar aanvaar dit as vanselfsprekend.

## **GEESTELIKE EN LIGGAAMLIKE NOOD.**

Om te weet wat ons werklik na gees en liggaam nodig het, moet ons onself vooraf reg ken. Uit Gods Woord leer ons ons ken as gebore sondears wat elke dag nog meer sonde doen (Ps. 51:7; Rom. 3:10).

Hierdie feit plaas ons ondermeer in die geestelike nood van God se toorn en ewige straf oor die sonde. Verlossing en genade is al waarom ons kan smeek. In Jesus Christus, die enigste en volkome Verlosser, het ons nou ook die vrymoedigheid om dit te kan smeek. Hy het ons nou ook geleer om te moet bid: "Vergeef ons ons skulde . . . verlos ons van die bose" (Matt. 6:12 en 13).

Die sonde het ons ook geplaas in 'n liggaamlike en stoflike nood (Rom. 17:19; 18:22). Ons leef in 'n moeitevolle wêreld vol siekte, swakhede, hongersnood, oorloë, sterftes, ensovoorts. Ons is afhanklik van elke hartklop en elke asemteug.

Heerlik is die wete dat Christus ons ook geleer het om te bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood" (Matt. 6:11).

"Wees oor niks besorg nie" (Fil. 4:6). "Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle" (I Petr. 5:7).

Die geestelike behoeftes word deur die Kategismus eerste genoem, en ook heeltemal tereg. Christus leer ons immers om eers die koninkryk van God en sy geregtigheid te soek, dan sal die HERE self verder sorg dat ons ook vir ons stoflike en liggaamlike lewe kry wat ons werklik nodig het (Matt. 6:31-43).

**Ds. Sarel Cilliers**